higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

ELEKTRIESE VAKMANSKAP
NKR VLAK 3

(12041013)

14 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye.

268Q1N2214

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
5. Skryf met slegs 'n blou of swart pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 Partymaal maak onverwagte insidente dit onmoontlik om by jou daaglikse, weeklikse of maandelikse plan te hou.

Noem SES insidente wat dit onmoontlik maak om by jou plan te hou. (6)

1.2 Noem VIER voordele van 'n taaklys as jy beplanning doen. (4)

1.3 Verhoed 'n insident deur tot die daad oor te gaan is die derde stap wanneer 'n mens aan gevare in die werkplek aandag gee.

1.3.1 Definieer die term *gevaarlikheid* en noem EEN voorbeeld daarvan. (2)

1.3.2 Noem DRIE stappe om 'n ongeluk te voorkom. (3)

1.4 Noem VYF funksies en verantwoordelikhede van gesondheid-en-veiligheidsverteenwoordigers volgens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid. (5)

1.5 Noem VYF prosedures wat volgens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid in 'n ondersoek na 'n insident gevolg moet word. (5)

[25]

VRAAG 2

2.1 'n Wattmeter meet die krag in 'n stroombaan.

2.1.1 Teken 'n volledig benoemde baandiagram van 'n wattmeter. (4)

2.1.2 Verduidelik die werking van 'n wattmeter volledig. (3)

2.2 Noem DRIE faktore wat die akkuraatheid van 'n meter of instrument beïnvloed. (3)

2.3 Jou instrukteur het gevra dat jy 'n instrument kalibreer.

2.3.1 Verduidelik wat jy sal doen as die instrumentlesings van die standaardlesings afwyk wanneer jy die instrument kalibreer. (2)

2.3.2 Noem DRIE redes hoekom instrumente gekalibreer moet word. (3)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1 Jy moet 'n visuele inspeksie van verskillende soorte ketels doen.

3.1.1 Noem DRIE soorte ketels. (3)

3.1.2 Verduidelik die werking van 'n elektriese ketel wat outomaties afskakel sodra die water kook. (6)

3.2 Wat is die funksie van 'n oond se termostaat? (2)

3.3 Verduidelik hoe 'n geiser volgens die SANS 6.16.2-regulasies vir huishoudelike toestelle gekonnekteer moet word. (4)

[15]

VRAAG 4

4.1 Verduidelik in jou EIE woorde die VIER algemene redes waarom kraggereedskap weier. (4)

4.2 Noem SES faktore wat die risiko van elektrokusie verhoog. (6)

4.3 Verduidelik in VYF kolpunte hoe die eienaar of gebruiker na 'n verwarmer moet omsien en dit moet onderhou. (5)

[15]

VRAAG 5

5.1 Gestel dat jy aan masjinerie moet werk wat, hoewel dit van alle bronne van elektriese energie gediskonnekteer is, nog steeds 'n elektriese lading kan kry of behou.

Watter voorsorgmaatreël sal jy tref om te voorkom dat die masjinerie bekrag of lewendig sou word terwyl jy daaraan werk? Gee 'n rede vir jou antwoord. (3)

5.2 Noem DRIE toepassings vir elk van die volgende motors:

5.2.1 'n Eenfase-WS-induksiemotor. (3)

5.2.2 'n Universele motor. (3)

5.3 Noem VIER onderdele van 'n eenfase-kapasitormotor met induksie-aansitting. (4)

5.4 Hoe sal jy die draairigting van 'n eenfase-WS-motor omkeer? (2)

[15]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6

6.1 Noem VIER faktore wat bepaal watter elektrodetang 'n mens gebruik. (4)

6.2 Kies lyfbeskermingstoerusting in KOLOM B wat pas by 'n term in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (6.2.1–6.2.6) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
6.2.1	Ore	A	Harde hoed
6.2.2	Oë	B	Veiligheidstewels
6.2.3	Longe	C	Oorkussings
6.2.4	Hande	D	Gesigskerm
6.2.5	Kop	E	Sweishandskoene
6.2.6	Voete	F	Asemhaaltoestel

(6 × 1) (6)

6.3 Noem en verduidelik TWEE basiese kategorieë van sweislasse. (5)
[15]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou